

Donderdag 4 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 5:22 –
6:13

Fokusgedeelte: Eksodus 6:5

Die Here se plan seëvier te midde van onsekerheid en swaarkry

Dit sou verstaanbaar wees as daar gevra word hoekom die Here die chaos in 2020 toegelaat het. Kerke het swaargekry en kry nog swaar. Dankoffers het nie ingekom soos dit moes nie, fondsinsamelings kon nie gehou word nie. Mense het hulle werk verloor. Ons is van mekaar vervreem.

So het die volk en Moses vrae gehad in 5:22–24 toe Moses na die farao toe is om te vra dat hy die volk moet laat gaan. Die farao het nie gehoor gegee nie, en dit net vir die volk moeiliker gemaak om hulle werk te doen. Maar God het 'n plan. In die eerste sewe verse van hoofstuk 6 kom die woord “Ek” 15 keer na vore. God wil hê dat die aandag op Hom gevestig moet word. In hoofstuk 3:15 lees ons hoe God Hom as “Ek is” openbaar aan Moses. Dit is Hy wat hierdie opdrag gee. Hy het 'n verbond met die volk se voorvaders gesluit. Hy het die roeping om daardie verbond te vervul. Ek sal vir julle 'n God wees. Hy het 'n doel en 'n plan met die pad wat hierdie hele saak loop. In 4:23 het Hy belowe dat die farao se oudste seun sal sterf. Hy sal dit nog doen op sy tyd en sy manier.

Die pad is nie maklik wat vir die volk voorlê nie. Vir Moses is dit net so moeilik. Die volk wil nie luister nie, die farao wil nie luister nie. Wat sou die doel wees? Is dit die moeite werd?

Is ons lewens die moeite werd? Is dit die moeite werd om aan te gaan soos nou? Die Here het met ons dieselfde verbond gesluit. Ek sal vir julle 'n God wees. Deur sy Seun het Hy aan ons die Heilige Gees gegee om ons te troos, te dra en te lei. God moet die belangrikste in ons lewens wees. Ons weet dat God 'n doel het met alles wat in ons lewens gebeur. Hy is in beheer.

Ons weet egter dat alles saamwerk na die dag van die wederkoms van Jesus Christus. Dan kom daar 'n einde aan alles soos ons dit nou ken en beleef. Dan kan ons die ewige heerlikheid in die teenwoordigheid van God ingaan. Hy het dit deur Christus aan ons voorsien. Daarna sien ons uit.

Sing: Psalm 104-1:20, 21

Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)